VAN ONS SUSTERS



SUSTERSBYEENKOMS 8 Mei 2018

Kan julle glo dat ons reeds by die voorwinterse laaste Sustersvergadering trek?

Dit vind plaas op **Dinsdagaand om 18:30** in ons kerksaal.

Die spreker is **Faans Steyn.** Hy vra: *"Hoe gaan ons met Statistiek en statistieke in die kerklike én alledaagse lewe om?"*

Hy illustreer hoe ons gemeente se statistieke en dié van die kerkverband neigings oor jare toon.

Hy gaan ook interessante voorbeelde oor reënvalpatrone en waarskynlikhede gee.

Alle Susters en Broeders is baie welkom en sal verbaas wees dat statistiek baie interessant is en nie soos baie mense en studente hulself wys maak, onverstaanbaar is.

Daarna gaan ons heerlik saamkuier oor 'n warm koppie sop en lekker broodjies. Sien julle daar!!! *- Ina Steyn*

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK



Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

08 Mei **Bennie du Plessis,** Wandraglaan 14, ☎ 081 057 1934
09 Mei **Annatjie Vorster,** Bella Vallee, ☎ 084 206 3180
11 Mei **Renee Beetge,** Rosetuin 42, ☎ 082 481 0579
Mabel Gloy, Plaas Oudevlei, ☎ 083 229 2610

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 29 April 2018 was R 4 670.

Die kollekte ten bate van die **GKSA Sustentasiekas** was R 1 580.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke B3 en B4 versorg vandag die tee en koffie
Wyksusters van B3 is **Marie Coetzee** en **B4** is **Maré Badenhorst**.

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 14 Sondag 6 Mei 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600** **Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderling: **Kobus Mentz** A7, wyk B1 vakant, diakens wyk A7 is **Andries de Klerk** en B1 **Zurich Terblanche**.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke B3 en B4. Marie Coetsee en **Marié Badenhorst.** Die Susters van dié wyke word gevra om te help.
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke **E1** en **E2. Pieter Hugo** en **Jonker Venter.**
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 1661
Sondag **13 Mei** ry **Gert Kruger** 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND: Teks: Mattheus 5:10 - 12. Jeremia 20:1 - 18.
Fokusverse: Mattheus 5:10. Jeremia 20: 7 - 9.
TEMA: ***God se heerlikheid geopenbaar in die vervolginge van die kerk.***
SING: Psalm 87: 1, 2, 5; Psalm 135: 1 - 3, 11; Psalm 119: 32, 58, 59; Psalm 27: 1, 2, 6; Skrifberyming 31:1 – 3.

AAND: Teks: Romeine 9: 6 - 18
Fokusgedeelte: Romeine 9: 11 - 13
Dordtse Leerreëls 1: 8 - 10
TEMA: ***Die ewige verkiesing van God is die oorsaak van ons ewige saligheid.***
SING: Psalm 63: 1 – 3; Psalm 131: 1 – 3; Skrifberyming 24: 1 – 3.

Hemelvaartsdiens Ons herinner aan die **hemelvaartsdiens** eerskomende **Donderdag om 19:00** in ons kerkgebou. Dit staan onder toesig van GK Potch-Suid.

Dagboek
8 Mei: **18:30: SUSTERS vergader in saal**
10 Mei: **HEMELVAART 19:00 olv GK Suid**
20 Mei: **PINKSTER, NAGMAAL, gemeente-ete**

Die volgende 6 uitgawes van *Op die Kerkwerf* sal DV deur Attie Viljoen en Leana Mostert versorg word.
As u iets wil plaas kan u met een van hulle in kontak kom.
Leana Mostert by leanamostert2519@gmail.com
Attie Viljoen by attiemviljoen@gmail.com

LIEF EN LEED

Peet Buys ☏ 082 717 7738 het Woensdag 'n knie-vervangingsoperasie ondergaan. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeloop het. Sterkte toegebid vir hom en Elsie.

Ons is ook baie dankbaar saam met **Heidi en Terence Kent** ☏ 082 568 5737. Heidi het haar voet 10 weke gelede gebreek en na 6 weke het die voetbeentjies steeds nie aangegroei nie. Ons is die Here baie dankbaar vir die wonder van sy genade op soveel vlakke. Heidi het die afgelope week die goeie nuus gekry dat haar voet begin herstel het.

Hendrik Du Plessis ☏ 083 675 7987 moes vir oogoperasies gaan nadat hy gevaar geloop het om sy sig te verloor. Daar moet waarskynlik nog operasies gedoen word. Ons bid vir Hendrik en Amanda die Here se krag en sterkte toe in hierdie beproewing.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir ons **Jeug.**
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **Ekumenisiteit Jeug Londen**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE
Vandag moet **Les 12** en **Psalm 47: 1** geleer word.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 46
Volgende Sondag moet les 13 en Psalm 48:1 geleer word
Woensdag om 14:15 vir Graad 8-10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) **Kontak** Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

ALLES WYS NA CHRISTUS

8 – 13 Julie 2018
Nooitgedacht kampterrein {Potchefstroom)
R 800 per persoon. Skryf in by GK Cachet.org.za

Skoolverlaterskamp 2018

8-13 Julie te Nooitgedacht Kampterrein (Dit is 'n NWU kampterrein in die koepel langs die Vaalrivier)
Kostes R800 p.p. (Alle etes word voorsien).

Die doel van die Skoolverlaterskamp is om skoolkinders vanaf gr. 10 tot 12 te bedien met die Woord, saam bande te bou as mede-gelowiges, en om saam God te loof. Die kamp bestaan uit verskeie pret en leersame elemente bv. Bybelstudie, lofprysing asook prettige groep-aktiwiteite en genoegsame aftyd om die heerlike koepel-omgewing te geniet. Hierdie kamp is 'n besondere tyd vir stil word voor die Here in sy skepping en voor sy Woord, dit is ook 'n tyd vir bande bou met jou mede-gelowiges en om studente te ontmoet wat die Here ken en dien en by hulle te leer.
Hierdie kamp het in my lewe (Peet van der Westhuizen) 'n besondere impak gehad as Skoolverlater, die feit dat ek nou nog betrokke is na 8 jaar behoort iets daarvan te sê. Verder het ek gesien wat hierdie kamp vir soveel ander studente en skoolverlaters beteken het en daarom kan ek nie anders as om opgewonde te raak oor hierdie geleentheid om dit met julle te deel nie. God roep ons as gelowiges om naby aan Hom te wees en om met ander in verhouding te leef en hom saam met hulle te dien. Hier is jou geleentheid, ek hoop ek sien jou daar.
Vir enige verdere inligting, kontak my gerus:
Peet van der Westhuizen – 078 580 4945

Verblyf in groen gordel van Mooivallei vir nagraadse studente of werkende persone.
2 Slaapkamerkothuis met oopplan sitkamer, eetkamer en kombuis.
Diere-vriendelik.
Beskikbaar vanaf 1 Mei 2018. Kontak Christa Truter : 079 026 1049